Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/BDyKVixpnbo

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 17 November 2024

- Daar is twee eredienste: 08:30 & 10:00.
- Die eredienste word gelei deur dr Rassie Smit.
- Tydens die 08:30 erediens vind doop sowel as belydenisaflegging plaas.
- Die jeugkleingroepe het afgesluit, maar die jeugkleingroepleiers kom om 09:30 bymekaar in die saal.

Eredienstye:

Bybelstudie:

- Die Mannebybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die gemeentebybelstudie vind Dinsdag om 09:00 plaas.

Verlof:

- Dr Peet Vermeulen is met verlof van 18 tot 22 November.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Dr Peet Vermeulen wat in die hospitaal was. Hy het ’n rugbesering opgedoen.
- Albe Bode wat Maandag ’n oog prosedure ondergaan het.
- Wim Bennemeer ondergaan vandag (Donderdag) ’n oog prosedure.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Phillip Venter en Celine de Haan wat Sondag belydenis aflê. Phillip word ook gedoop.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

G’s Fees

Badbokse

Vanjaar maak ons ons harte oop vir die ma’s, pa’s en kinders van Kameelfontein deur aan elkeen ’n badboks of -sak te gee. Help ons asb. deur ’n koevertjie in die portaal te neem en die R250 daarin te plaas. Jy kan die koevertjie in die liefdegawesakkie gooi of by die kerkkantoor inhandig. (Elektroniese inbetalings is ook welkom: *Sunrise Road NPC, ABSA rekening 4080276489, Verw: G's Fees*). Hiermee word ’n veeldoelige sak met badprodukte vir elke kind aangekoop.

Jy kan ook begin om produkte vir ’n lekker-bederf-badboks vir ‘n ma of ’n pa bymekaar te maak. Neem gerus ’n lysie met voorgestelde items in die portaal.

Kersfees onder die Suiderkruis

Op 29 November tot 1 Desember vier ons fees!

Ons nooi jou graag uit om jou gesin, vriende en familie aan te moedig om die *Kersfees onder die Suiderkruis* kersprogram op 29 November te ondersteun. Die verrigtinge begin om 18:30.

Kom sing saam aan 13 bekende kersliedere (o.l.v. orkes, orrel en kombinasie) en luister na pragtige voorlesings, 4 ongelooflike koorstukke (deur die jongmense van Vocalised Fellowship Choir), 2 sang solo's én orrelspel (deur Eddie Davey). Die programduur (90 minute) maak die prys die moeite werd! Dit sal nog voor 21:00 klaar wees en laat genoeg tyd om nog lekker saam te kuier. Jy kan dit selfs as jaarafsluiting gebruik.

Jou ondersteuning word baie waardeer.

Kaartjies is elke Sondag in die saal, en gedurende die week by die kerkkantoor beskikbaar. Op 29 November sal kaartjies ook by die deure beskikbaar wees. Betaalopsies sluit kontant en SnapScan in.

Donasies (om die kostes te dek) is ook welkom! Gebruik asb. die verwysing 'Kersfees'.

"G" en kuier

Sondag, 1 Desember, is die eerste Sondag van Advent. Daar is slegs een erediens om 08:30. Almal wat kan, trek wit aan en bring hul badbokse (toegedraai en gemerk as mamma boks of pappa boks) kerk toe en plaas dit op die groot "G" in die portaal.

Na afloop van die erediens, kuier ons lekker saam en geniet 'n eet dingetjie. Bring asb. 'n bordjie soet- of sout eetgoed (wat met die hand geëet kan word) in 'n wegdoenbare houer en laat dit in die saal.

Kom! "G" aan God die eer vir 'n helder somerkersfees!

Stadbouers gee om

Jeugkleingroepleiers benodig

Kameelfontein - Dynamic Women for Children

Die dinamiese ma-en-dogter paar van Dynamic Women for Children (DWFC) wat aan die stuur is van die projek in Kameelfontein, is lidmate van Wapadrant. Op 24 Oktober het ’n groepie dames Kilomanjaro aangedurf om fondse in te samel vir dié projek. Op 22 November gaan twee van die bergklimmers tydens die lekker-kuier-oggend gesels en stories rondom dié ervaring deel. Die span gebruik ook die geleentheid om te gesels oor die pad vorentoe met die projek.

Jy kan help deur ’n kaartjie (R350 pp of R2100 per tafel van 6) by Michelle of Marlene te koop. Donasies vir die projek is ook welkom.



Borg ’n Bybel

Die Kerkblad

Spesiale Desember/Januarie uitgawe vir slegs R40!

Die Desember/Januarie uitgawe van Die Kerkblad is hierdie jaar ’n spesiale, uitgebreide uitgawe, besonder aktueel juis in hierdie tyd van die jaar.

Rondom Kersfees is daar oordenkings oor die rykdom van die lofliedere wat met die koms van ons Here Jesus gesing is. Die Lofsang van Maria, van Sagaria, van Simeon, van Anna. Dan natuurlik die lofsang van die engele oor die velde van Efrata, en die lofspraak van Jesaja 9.

Rondom Geloftedag is daar ’n artikel van dr. Danie Langner wat die vraag vra: Was 16 Desember 1838 werklik ’n wonder uit die hand van die Here? asook ’n verkorte weergawe van my preek voor 35 000 mense by die Voortrekkermonument verlede jaar oor die Here se vraag in Sagaria 7 oor die onderhouding van ’n gedenkdag by Israel: Het julle dit waarlik ter wille van My gedoen?

Die besondere Wêreldvraagstukke en oorloë by die draai van die jaar word daar van naby by die front bekyk deur ds. Allistar Torrens in Kiyev, Paul Maritz in Duitsland en dr. Victord’ Assonville wat dit belig vanuit Christus se heerskappy oor die wêreldvorste soos in Psalm 2 verkondig. Ons kyk ook na ons eie landsomstandighede en die redakteursonderhoud is hierdie maand met die bekende pa en dogter kunstenaars: Rouel en Nadia Beukes.

Die uitgawe gaan 50% dikker wees as die normale.

NOU DIE AANBOD:

Ook lidmate wat nie intekenare is op Die Kerkblad nie kan deur hul kerkkantore hierdie prag-uitgawe bekom vir slegs R40.

So ’n spesiale Kerkblad is ’n ideale klein-geskenk aan u kinders, aan iemand spesiaal of aan ons ouer lidmate.

Natuurlik gaan daar ook in die spesiale Kerkblad geleentheid wees om op ons elektroniese uitgawe in te teken teen R160 per jaar, of die gedrukte weergawe teen R380 per jaar, plus R190 koerierkoste waar van toepassing.

Baie dankie ook aan al ons intekenaars vir u ondersteuning. Die Kerkblad is deur die drif en ook ons gedrukte uitgawe is volhoubaar, het gekom om te bly, na 150 jaar!
Ds. Cassie Aucamp (Redakteur

Bestel jou spesiale uitgawe by Helena deur voor of op 26 November ’n epos (kantoor@gkwapadrant.co.za) of WhatsApp (064 181 0694) te stuur.

Preekrooster



DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
17 November	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Rassie Smit
24 November (Nagmaal)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor
1 Desember G's fees/Advent	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen
8 Desember (Doop)	Klassiek	08:30	Rassie Smit

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as "Donasie" of "Bydrae" met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur 'n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

- Die Mannebybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die gemeentebybelstudie vind Dinsdag om 09:00 plaas.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor